

Sing vooraf: Psalm 18:13

13

Die HEER verlig die harde juk
van wie hier sug in leed en druk;
maar Hy verneder dié wat hoog
en ydel is van hart en oog.
My **lamp** brand in die donker uur;
God het my donker opgeklaar!
Met God storm ek 'n leërskaar
en met Hom spring ek oor 'n muur!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 73:11, 12

11

Wie het ek in die hemel, HEER
wie kan ek newens U begeer?
Wat het ek waar my hart, onrustig,
hom op die aarde in kan verlustig?
Beswyk dan ooit in bittermart
of bange nood my vlees en hart,
dan sal U wees vir my gemoed
my rots, my deel, my ewige goed.

12

Wie ver van U sy weg wil gaan,
stap op 'n donker afgrond aan.
U roei hul uit wat U gesmaad het,
in troueloosheid U verlaat het.
Maar dis my goed, my saalge lot,
as ek naby is by my God.
Ek het my hoop op God gestel
om al sy werke te vertel.

Geloofsbelydenis: Apostolicum/Nicea

Na die wet bely ons voor God ons vryspraak deur sy genade met Psalm 32:1.

Wet

Psalm 32:1.

1

Welsalig wie van skuld en straf onthewe,
die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid,
het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde
toereken wil die boosheid van die sonde
en wie se gees, van alle valsheid vry,
voor God ootmoedig al die skuld bely.

Gebed.

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**

- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Doop:

Psalm 105:5

5-

Die HEER wat van geen wankel weet nie,
sal nimmer sy verbond vergeet nie;
al sy beloftes bly van krag
tot in die duisendste geslag.
Verbond met Abraham, sy vrind,
bevestig Hy van kind tot kind.

Skrifberyming 14-2:1

1

Al sou dan ook die vyeboom nie bot nie,
al sou die wingerd sonder druiwe staan;
die graan verdor, die vrugteboorde wegkwyn,
die beeste, kleinvee, alles hier vergaan
nóg sal ek juig en bly wees in my God!
Hy is my hulp, Hy gee my krag.
Hy laat my loop waar rats die **ribbok** gaan;
Hy laat my vas en veilig staan!

Skriflesing: Johannes 3.

Teks: Johannes 3:3

Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie. (Joh 3:3 AFR1953)

Ons beleef nou 'n tyd waarin daar baie gemaak word van bekering en wedergeboorte.

- Jou bekering moet ook uit jou werke kan blyk.
- Bekering word voorgestel as 'n menslike prestasie.

Om hierdie saak nou in die regte Bybelse perspektief te kan sien, gaan ons nou kyk wat die wedergeboorte is. En ons gaan kyk watter dinge almal saam met die wedergeboorte gaan.

Nikodèmus kom na die Here Jesus Christus toe.

- Hy kom in die nag, want sy aansien en sy posisie in die lewe kom in die gedrang met sy besoek aan Christus.
- Hy was 'n Fariseër in sy godsdienstige oortuigings. Daarby 'n Fariseër uit die ortodokse rigting.
 - o Dit was die groep wat geglo het in die absolute werkheiligheid.
 - o Hulle hele saligheid kon deur hulle eie prestasies uitgewerk word.
- Daarby was hy 'n owerste van die Jode. Hy was 'n lid van die Sanhedrin.
- Volgens vers 10 was hy 'n baie beroemde Skrifgeleerde.

- Ons lei ook uit vers 4 af dat hy oud was, want hy vra vir die Here Jesus hoe dit moontlik is dat 'n mens as hy oud geword het, weer gebore kan word, terwyl Christus glad nie van 'n ou mens gepraat het nie.

Hy besef dat Jesus 'n Leraar is wat van God af kom. Hy het groot respek vir al die wonders en kragte wat Jesus doen.

- Daarom wil hy van Jesus iets weet omtrent werkheiligheid.
- Blykbaar wil hy van Jesus weet wat 'n mens moet doen om in die koninkryk van God te kan ingaan - onthou dat hy 'n Fariseër was, wat geglo het dat hy met sy werke en sy menslike prestasies sulke dinge kan bewerk!

Dan antwoord die Here Jesus dat geen mens in die koninkryk van God kan kom as hy nie van Bo af – deur God – wedergebore word nie.

- Daarmee sny Jesus elke vorm van mensewerk en van menslike wetsonderhouding om jou saligheid te bewerk, af.

Daarom praat Jesus ook nie van letterlik weer gebore word nie. Nie weer gebore word uit 'n vrou se liggaam nie, maar van 'n gebore word van Bo af.

- Jesus stel dit baie duidelik in vers 5: iemand moet gebore word uit water en Gees om in die koninkryk van God te kan ingaan.
- En in vers 8: uit die Gees.

So 'n wedergeboorte staan teenoor 'n wedergeboorte uit die vlees, waarin jy op jou eie krag vertrou soos die mense uit Nikodemus se groep geleer het.

Dit noem Jesus *uit die vlees*, en die vlees oorleef nie die eise van God nie, want God vereis 'n wedergeboorte uit die gees.

- Dit staan in Johannes 1:13 so dat dit glad nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of die wil van 'n man is nie, maar dat jy uit God gebore moet wees.

Dis waarom daar in vers 5 net staan dat 'n wedergeborene uit “water en Gees” gebore moet wees.

- Die woord water hier beteken nie dat die doop saligmakend is nie.
- Dit staan sonder lidwoord, en dan beteken dit bloot dat water die simbool van absolute reinheid is.
- Ons kry dit in Esegïel 36:25 ook so dat die Here water bloot as 'n simbool van die hoogste reinheid gebruik.

Waar kom hierdie onberispelike reinheid dan nou vandaan?

- Van die Heilige Gees af. Daarom staan daar in vers 8: uit die Gees gebore is.
- Dit is die Gees van God! Hy alleen kan 'n geestelike geboorte van God af in ons bewerk.

Dit is **die eerste punt** van die hele kwessie van bekering en wedergeboorte: dit is altyd 'n daad wat van God af kom en deur die Heilige Gees in jou gewerk word.

- Daarmee verval nie net die Fariseër Nikodèmus se moontlike aanspraak op 'n werkheiligheid en 'n bekering uit sy eie krag nie.

- Ook diegene onder ons wat dink dat hy Jesus Christus sogenaamd kan *aanneem* se hele benadering stort daarmee ineen, want God beskik kragtens sy uitverkiesing oor jou bekering, en dit word deur die werk van die Heilige Gees aan jou voltrek.
- Dit staan ook net so in 1 Petrus 1:3. God het die wedergeboorte geskenk deur die opstanding van Christus. Dit is dus onredeneerbaar duidelik dat die hele Drie-Eenheid van God in die saak van wedergeboorte werksaam is.

Romeine 6 : 3 vv vertel ook dat ons in die dood van Christus gedoop is (passief), en dan deur God opgewek is om in die nuwe lewe te kan wandel. Die feit dat Paulus regdeur die passief gebruik, is juis om daarmee baie duidelik te stel dat daar met ons gewerk word in die saak, en dat dit nie ons is wat die beskikkingswerk doen nie!

Die **tweede saak** is dat wedergeboorte en bekering saamhang met geloof.

- Ons glo tog – omdat God self in die Bybel so sê – dat die Here Jesus Christus vir ons die volle saligheid verwerf het.
- Deel van die saligheid is juis ons geloof.

Met ander woorde: die Here Jesus Christus het nie die *moontlikheid* verwerf om te glo nie -

- want dan is daar die *moontlikheid om te glo* en as jy dan wil, dan besluit jyself dat jy gaan glo.
- Dan is jou bekering ook heeltemal in jou hande en so ook jou wedergeboorte.

Maar nou werk die saak nie so nie, want as dit so was, sou die uitverkiesing van God heeltemal verval.

- Dan is dit onmoontlik dat die Here vir Rebekka kan sê dat Hy Jakob liefgehad het en Esau gehaat het.
- En dan moet ons dit verwerp waar in die Bybel staan:
Want toe die kinders nog nie gebore was en nog geen goed of kwaad gedoen het nie dat die voorneme van God volgens die verkiesing kon bly staan, nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep (Rom 9:11 AFR1953)

Dan is daar nie so iets soos 'n wilsbeskikking van God nie. En dan verval die heerlikheid van God.

- As God nie meer kan besluit of beskik nie, dan verval sy Godheid in geheel.
- Dan verval die Bybel daarmee saam - waar God se beskikking so duidelik geopenbaar word.

In hierdie roeping, wat in bekering en wedergeboorte uitkristaliseer, handhaaf God sy reg op die mens.

- Elke mens word deur God doodeenvoudig gebruik om Hom te verheerlik en sy wil uit te voer.
- In hierdie wil van God het ek en jy nie 'n sê nie. Ons doen doodeenvoudig wat God sê.

As jy daarom 'n bekeerde is, het jy niks om te roem nie, want dis nie jy wat jou bekeer het nie!

- Dis God wat jou bekeer het.
- Maar jy het rede vir dankbaarheid, want juis die feit dat jy bekeer is, bewys aan jou dat God sy reg op die uitverkorenes nooit prysgee nie!
- Daarom is jy geroep tot bekering.

Dit bring ons by 'n volgende punt. Bekering en wedergeboorte hang altyd saam met roeping.

- God roep jou om jou te bekeer.

- Wat is roeping? In die wydste sin gesien, is roeping die prediking van God en van sy genade aan alle skepsele - die Woordverkondiging waarin alle elemente van God se wil en raad vervat moet wees.

Dit bring ons by die Ou Testamentiese betekenis van bekering. Telkens het die profete gekom en gepreek dat die volk hulle moet bekeer.

- Hulle word daarmee geroep om tot 'n behoorlike godsdienbesef te kom.
- Hulle moet besef dat hulle afhanklik is van God.
- En dan moet hulle hulle verantwoordelikheid nakom.
 - o Dit is nou om eerbied en ontsag vir God te hê.
 - o Om jou plig in jou lewe na te kom - om die wil van God na te kom.

Al hierdie dinge is wedergeboorte.

- Wedergeboorte is 'n proses wat lewenslank duur.
- Dis 'n proses waarin jy groei en toeneem in heerlijkheid.
- Dis 'n proses waarin jy deur God in Christus regverdig verklaar word en waarin jy dan op die wil van God antwoord deur sy eis tot gehoorsaamheid na te kom.

In jou bekering en wedergeboorte werk God met jou reeds voor die tyd.

- Voordat die evangelie aan jou verkondig word, berei God jou voor om die verkondiging te kan verstaan as dit aan jou verkondig word.
- Net so word ongelowiges voorberei om dit nie te verstaan nie en ook nie te aanvaar nie. Die Bybel leer op verskillende plekke dat Christus gekom het tot 'n val en 'n opstanding vir baie. Met ander woorde, tot die verlossing van sommiges en ook weer tot die verderf van ander.

Die Here besluit tot wie se opstanding sy werk sal wees en tot wie se val.

- 1 Petrus 2:7, 8 sê dat Christus vir sommiges 'n rots is waarteen hulle hulle gaan stamp, maar vir ander is Hy tot die lewe, omdat hulle 'n uitverkore geslag is 'n volk as eiendom verkry!

Wat is die praktiese konsekwensies hiervan?

- Bekering kan alleen deur die skeppende genade van God tot stand kom.
- As dit nie so is nie, dan kan Christus nie vir sommiges tot 'n val en vir ander tot 'n opstanding wees nie!

Verder is daar die saak van die doop en bekering.

- Die doop bekeer jou nie.
- Die doop volg ook nie noodwendig jou bekering op nie - in die Nuwe Testament was dit so, maar ons moet onthou dat daar op daardie stadium geen Christene was nie

In die Ou Testament was die besnydenis op die agste dag geoden - dit was beslis nie na bekering nie.

- Die besnydenis was 'n teken van die verbond.

- So is die doop in die Nuwe Testament dan ook die teken en simbool daarvan dat ons saam met Christus uit die dood opstaan.
- Dit is mos dan vanselfsprekend dat jy 'n lewe van wedergeboorte sal lewe nadat jy die belofte van die ewige lewe ontvang het.

Bekering is dus om in die genade van Christus te ontvang en te glo dat jy slegs deur sy genade in die hemel sal kom.

- Wedergeboorte is om elke dag na die stem van die Heilige Gees te luister.
- Om altyddeur te stry om die wil van God te doen - en om te pleit dat die Drie-Enige God my in die hart sal gryp.

Daar rus nou 'n verantwoordelikheid op ons. Dit is om te antwoord as God ons roep.

- Om aan God die eer te gee vir die feit dat ons glo en bekeer is.
- Dis om nie in onself te roem nie – asof ons geloof en bekering uit ons eie krag gebore sou wees nie.
- Gee aan God die eer, omdat my bekering en die feit dat 'n wedergeborene is, uit sy hand ontvang is.

Amen.

Slotgebed.

Slotpsalm 1: 1, 4.

-1-

Welsalig hy wat op die spoor nie gaan
 waar sondaars lok; wat op hul pad nie staan,
 of neersit waar die spotglans in die oog is,
 waar spotters vrolik spot met al wat hoog is;
 maar wat Gods wet in stille mymering,
 by dag en nag, weer in gedagt'nis bring.

-4-

U het my hart meer vreug gegewe
 as ander smaak in volop-tyd,
 as hul deur skyngeluk verhewe,
 by mos en koring lustig lewe
 en fees hou in kortstondigheid.
 Ek sal gerus gaan slaap in vrede
 en ongestoord lê ek my neer;
 want U alleen verhoor my bede,
 U waak oor my in teënhede,
 dat ek kan veilig woon, o HEER!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr. M.J. du Plessis
 Gereformeerde Kerk Bellville
 Datum: 18 Januarie 2009

Preekopsomming:

So was dit byvoorbeeld ook met Saggeüs. God die Vader het die hele opset van daardie dag en ook daardie tyd beplan. Hy het beplan dat Jesus daardie betrokke dag daar sou wees en dat Saggeüs in

die boom sou klim. Maar die Gees van God het ook gewerk. Hy het die behoefte by Saggeüs gewerk om Jesus te sien. En om die plan te maak om in die boom te klim, omdat dit andersins vir hom onmoontlik sou wees om Jesus te sien te kry. En die Seun het ook hier gewerk, want Hy het self die genade verkondig.

Nou kan ons hier ook vra: wanneer is Saggeüs bekeer? Niemand weet die presiese tyd nie, want hierdie daad het ten minste die hele dag geduur. Dalk selfs langer. Moontlik het hy weke lank al die behoefte gehad om Christus te sien. En as dit so is, dan was dit al deel van sy bekering!

Dan eers kom die wedergeboorte, as Saggeüs verder gelowig lewe. Daarmee saam groei sy geloof en sy kennis van God. Dis presies wat wedergeboorte is.

Maar nou moet ons waak om nie die kwessie van bekering en wedergeboorte altyd net in een vorm te gaan giet nie. Ons moet nie nou van die veronderstelling uitgaan dat God mense almal op 'n sekere tyd van hulle lewe tot bekering gaan beweeg nie. Dan maak ons van God 'n spot, want God is nie so magteloos dat Hy mense net op een manier kan bekeer nie.

God gebruik verskillende maniere waarop sy Heilige Gees mense tot genade kan lei. Daar is baie voorbeelde waar die Here mens as't ware meteens tot geloof, bekering en wedergeboorte beweeg het. Sulkes is byvoorbeeld Paulus of Cornelius.

Maar daar is ook ander mense wat anders bekeer en wedergebore is, byvoorbeeld Johannes die Doper – om maar iemand te noem. Johannes die Doper was van die begin af bekeer en wedergebore. God het hom juis gestuur om die weg vir Christus voor te berei, en dis presies wat hy doen. Van wanneer af? Ons weet nie. Blykbaar van die begin af. Hy het nie 'n datum van bekering nie. Sy wedergeboorte blyk uit die voortdurende groei in sy werk. En die onstuitbare wyse waarop hy die evangelie verkondig het.

Daar is talle voorbeelde van sulke onnoembare bekeringsdatums in die Ou Testament. Set is 'n aartsvader. Wanneer is hy bekeer? As 'n bekeringsoomblik dan so belangrik is, waarom verswyg God dit dan van die begin af? Of wanneer is Isak bekeer? Of Dawid? Watter dag is hy bekeer?